Publication: Beeld, Saturday (Sport)
Publication Date: 25 Aug 2018
Page: 36

AVE: 18876.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1



# Tweepunt-doele trek Jaguars se tande – Jenny

**Annchen Nel**

'n Suid-Afrikaanse Presidentespan of 'n "All Stars"-span moet eintlik aan die Superklub-toernooi in Nieu-Seeland deelneem.

Só sê Jenny van Dyk, netbalafrigter van die Noord-Gautengse Jaguars, wat gister laaste in dié internasionale klubtoernooi in Nelson geëindig het.

"Ons het eintlik in die ANZ Premierliga (Nieu-Seeland se top-reeks) gespeel."

Die Jaguars het Suid-Afrika as die Premierliga-kampioen verteenwoordig.

Hulle het gister hul uitspeelstryd teen die Sneakers van Singapoer naelskraap met 57-60 verloor.

Van Dyk sê net vier van die Sneakers is werklik van Singapoer, die res is Nieu-Seelanders.

Twee Kiwi-spanne, die Pulse en Tactix, het mekaar in die eindstryd gepak, met die Pulse wat 61-56 gewen het.

"Agt van die UWS Sirens is seniors wat vir Skotland speel en nou reeds vir die Wêreldbeker-toernooi voorberei," sê Van Dyk.

"Die telbord is wat saak maak en daar staan ons het teen Singapoer verloor, maar eintlik was dit 'n Nieu-Seelandse span."



Tshina Mdau is die nuwe Tuks-kaptein. Foto: GALLO IMAGES

Die breier sê ná hul verrassende oorwinning van 65-61 oor die Southern Steel verlede Sondag is die Jaguars "ernstig opgeneem" en die sterkste moontlike spanne teen hulle ingespan.

"Dit is moeilik om die toernooi te verduidelik sonder om te klink of ek verskonings maak.

"Al die wedstryde was baie *tight* en ons was in elkeen mededingend.

"Die meisies het hárd gespeel en goeie ondervinding opgedoen," sê Van Dyk.

Wat die Suid-Afrikaners geknou het, is die nuwe reël waar 'n doel in 'n sekere deel van die doelsirkel twee punte werd is.

"Ons het die eenpunters mooi afgerond, maar nie genoeg tweepunters gesink nie. Die Sneakers het 23 tweepunters gesink, terwyl ons net drie kon behaal."

Van Dyk sê Suid-Afrikaanse doele sukkel in die algemeen met die langer pogings.

"Ons sal ons spelers beter moet toerus vir die rigting waarheen die spel gaan. Dit neig meer na die Fast5-formaat."

Van Dyk is ook die breier van Tuks, wat van môre af hul Varsity-titel verdedig.

Erin Burger, haar hulpafrigter, en agt spelers reis na Bloemfontein waar hulle die Kovsies moet aandurf.

Van Dyk bring versterkings vir die Pretorianers se tweede wedstryd Maandag teen Pukke.

Die Jaguars reis Saterdag van Nelson na Auckland en vlieg dan via Dubai na Johannesburg.

Van Dyk en vier Tuks-spelers slaap dan 'n paar uur voordat hulle na die Rosestad vertrek.

■ **Program: Môre: By Kovsies: 15:00:** UJ t. NWU; **16:30:** Tuks t. Kovsies; **By Madibaz: 16:30:** Maties t. VUT (SS 12); **18:00:** Madibaz t. UWK (SS 12). **Maandag: By Kovsies: 17:30:** NWU t. Tuks (SS 10); **19:00:** Kovsies t. UJ (SS 10); **By Madibaz: 16:30:** UWK t. Maties; **18:00:** Madibaz t. VUT.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.